

Merinos Presteer goed in praktykproewe in die Suid-Vrystaat

Hendrik van Pletzen, John Melville en Pieter Hanekom

Die algemene verwagting is dat daar groot verskille in die produksie en winsgewendheid van verskillende skaaprasse in 'n bepaalde omgewing is. Onlangse navorsing deur SWP Cloete, JJE Cloete, MJ Herselman en LC Hoffmann (2004) wys inderdaad verskille in die bruto marge per kleinvee-eenheid (KVE) van verskillende rasse, kruisings en seleksielyste. In hierdie studie was die bruto marge per KVE R285 vir SA Vleismerino ooie, R306 vir SA Vleismerino kruisooie, R322 vir Dohne-merino ooie, R354 vir Merino-ooie (skoonwolseleksielyste) en R365 vir Merino-ooie wat vir verhoogde reproduksie geselekteer is. In 'n studie met Merino's, Afrino's en Dorpers, rapporteer MASnyman en MJ Herselman (2005) dat Merino's die hoogste bruto marge per ha het (R113.75), gevolg deur Afrino's (R93.71) en Dorpers (R77.62). Dit is ook so dat verskillende rasse ontwikkel is vir verskillende omgewings en dat groot genetiese variasie binne 'n ras bestaan. Teen hierdie agtergrond is die Smithfield-praktykproef gedoen met

die doel om produksie en ekonomiese norme vir verskillende skaaprasse vir die omgewing te ontwikkel. Die proef is 'n samewerkingsaksie tussen Smithfield Landbou, CMW, Virbac en Voermol Voere en is uitgevoer op die plaas Skiethoek in die Smithfield-distrik.

Proefprosedure

Die proef is oor 'n tydperk van vier jaar gedoen om meer betroubare langtermyn resultate te kry. Deelnemers aan die projek het aan die begin elk 10 speenoilammers na Skiethoek gebring waarna hulle as een trop bestuur is. Net tydens dektyd is die verskillende rasse apart gehou en met ramme van dieselfde ras gepaar. Na paartyd is hulle weer saamgevoeg en as een trop bestuur. 'n Gesondheidsprogram, soos voorgestel deur Virbac, is gevolg en interne parasiete is met behulp van mismonsters gemonitor. Rekord is noukeurig gehou van die getal ooie by die ram, getal lammers gebore en getal lammers gespeen. Ooie



en lammers is tydens strategiese tye van die jaar geweeg soos met dektyd, lamtyd en speentyd. Wolproduksie van elke ooie en lam is aangeteken en midribmonsters is tydens elke skeertyd geneem.

Die volgende rasse het aan die projek deelgeneem: Merino, Dohnemerino, Afrino, SA Vleismerino (SAVM) en 'n sintetiese kruis-vleisras (X-vleis). Oilammers wat in die projek gebore is, is opgeneem as vervangingsooie. Ooigetalle het dus toegeneem namate die projek gevorder het en aan die end van die proef was die getalle soos volg: Merino 49, Dohnemerino 13, Afrino 27, SAVM 15, en X-vleisras 24. Die rede vir die verskil in getalle is dat by die Dohne en SAVM net een deelnemer diere ingeskryf het en by die ander rasse meer as een deelnemer. Data van rasse met kleiner getalle is minder betroubaar as data van rasse met groter getalle.

Resultate en bespreking

Die produksie en ekonomiese resultate oor die drie produksiejare word in Tabel 1 opgesom.

Lamproduksie by al die rasse was in die eerste jaar van die proef (2001/2002) die laagste omdat dit jongooie is wat vir die eerste keer gelam het. Lamproduksie van die dubbeldoelrasse (Merino en Dohne) het oor die drie jaar toegeneem terwyl produksie van SAVM en X-vleisras die hoogste in die tweede produksiejaar was.

Tabel 1 Resultate van die Smithfield ooioprojek

Maatstaf	Merino	Dohne	Afrino	SAVM	X-Vleis
2001/2002 Produksiejaar					
Ooimassa (kg)	52.2	54.4	54.5	65.7	53.2
Produksie/50 kg ooi					
Lamproduksie (kg)	15.2	19.0	21.8	22.6	31.7
Vleisinkomste (R)	124.50	156.00	179.00	185.00	269.50
Wolinkomste (R)	155.00	124.50	81.00	83.00	31.00
TOTALE INKOMSTE (R)	279.50	280.50	260.00	268.00	300.50
2002/2003 Produksiejaar					
Ooimassa (kg)	57.3	62.1	61.2	67.0	56.6
Produksie/50 kg ooi					
Lamproduksie (kg)	24.3	27.3	33.2	35.3	38.3
Skoonwol (kg)	3.68	2.69	2.35	2.60	1.47
Vleisinkomste (R)	201.56	226.73	275.17	292.70	310.50
Wolinkomste (R)	201.94	140.45	105.91	122.15	21.90
TOTALE INKOMSTE (R)	403.50	367.18	381.08	414.85	332.40
2003/2004 Produksiejaar					
Ooimassa (kg)	48.6	53.1	54.4	56.2	50.2
Produksie/50 kg ooi					
Lamproduksie (kg)	26.2	35.1	33.4	29.5	35.6
Skoonwol (kg)	6.83	5.42	4.22	4.53	2.98
Vleisinkomste (R)	283.04	378.74	360.54	318.68	362.66
Wolinkomste (R)	290.44	212.74	147.84	165.80	41.10
TOTALE INKOMSTE (R)	573.48	591.48	508.38	484.48	403.76
GEMIDDELD OOR 3 JAAR (R)	418.83	413.05	383.15	389.11	345.55

Omdat skaaprasse in grootte (massa) verskil, is hulle nie op 'n een tot een basis met mekaar vergelykbaar nie. Paarmassa is 'n goeie aanduiding van werklike ooi-grootte en alle produksie en inkomste is gestandaardiseer na 'n standaard 50 kg ooi. Lamproduksie per 50 kg ooi is 'n omvattende maatstaf en verreken lampersentasie, moedereienskappe, melkproduksie, oorlewing, speenpersentasie en speenmassa. Skoonwolproduksie per 50 kg ooi neem wolproduksie van die ooi plus wolproduksie van die lammers in ag. Op dieselfde wyse is vleis- en wolinkomste bereken. Wolwaardasie van die wol van elke ras is afsonderlik gedoen met behulp van objektiewe meting van al die eienskappe wat wolprys beïnvloed. Vir die eerste twee proefjare is elke 10 maande geskeer en die laaste jaar op 12 maande wolgroeï. Vleis- en wolpryse wat vir daardie spesifieke tyd van elke jaar gegeld het, is in berekening gebring. Totale inkomste by al die rasse het oor die drie jaar toegeneem a.g.v. 'n toename in produksie en 'n styging in produkpryse.

Uit die resultate is dit duidelik dat produksie en inkomste tussen rasse binne een jaar verskil, maar die verskille is nie konstant oor al drie die jare nie. Sommige jare doen die een ras beter as die ander een, maar die ander jaar is dit weer andersom. Die gemiddelde inkomste oor die drie jaar

vir die verskillende rasse per 50 kg ooi is soos volg: Merino R418.83, Dohne R413.05, Afrino R383.15, SAVM R389.11 en X-vleisras R345.55.

Gevolgtrekking en aanbeveling

Die verskille in inkomste tussen rasse oor drie jaar is klein, maar binne 'n spesifieke jaar is daar groter verskille. Boere is geneig om van ras te wil verander of te kruis a.g.v. korttermynprysverskille, maar dit is nie noodwendig die beste besluit vir die langtermyn nie. Groot genetiese verskille bestaan in elke ras en die uitdaging is om die bestaande kudde

op die plaas geneties deur seleksie en teling te verbeter. Die ontwikkeling van teeltechnologie soos bv. die gebruik van BLUP-teelwaardes stel die boer nou in staat om meerderwaardige teelmateriaal buite sy kudde te identifiseer en in te bring om produksie en winsgewendheid van sy eie kudde te verhoog.

Volgens die resultate, is daar 'n neiging dat die inkomste van die dubbeldoelrasse (Merino en Dohne) hoër is as dié van vleisworrasse en 'n vleisras. Die voedingswaarde en produksie van weiding in die Smithfield-omgewing is dus voldoende vir 'n skaap wat gelyktydig vleis en wol produseer.



Van die persone wat by die praktykproef betrokke was (van links) Johan Neethling, John Melville, Pieter Hanekom, Gerhard Wilken, Kruger Lourens en Hendrik van Pletzen.

